BYLAAG “B1”

SONOP CHRISTELIKE TEHUIS

EERSTEJAARS

(1 APRIL 2014)

A. REëLS TEN OPSIGTE VAN EERSTEJAARS :

1. EERSTEJAARSGEDRAG*:*

Die volgende riglyne geld met betrekking tot dit wat op ’n vrywillige basis van ’n eerstejaar in Sonop verwag word, gebaseer op tradisies en waardes wat vir ongeveer 96 jaar in Sonop gegeld het, en moet dit uitdruklik aan ’n voornemende eerstejaar wat aansoek doen in Sonop gekommunikeer word as vrywillige gedrag wat van hom verwag sal word gedurende sy eerstejaar, hoewel dit nie verpligtende gedrag is nie :

1.1 Om 'n baadjie en das te dra wanneer hy Sonop se gronde verlaat.

1.2 Om tydens aansitetes tafel te dek en die senior huislede te bedien.

1.3 Om een uur per week tuindiens te doen in 'n tuin wat aan hom aangewys word.

1.4 Om etes by te woon in baadjie en das, met 'n naam kaartjie.

1.5 Om kenmerkaaraande by te woon soos gereël te word deur die Huiskomitee, om tydens sulke geleenthede die senior huislede te leer ken. Dit word van eerstejaars verwag om alle seniors se name binne vier weke te ken.

1.6 Om elke Sondagaand saam met die lenkvoog by eerstejaars aantrede teenwoordig te wees, in baadjie en das. Hierdie aantrede is om goeie kommunikasie tussen die lenkvoog en die eerstejaars te verseker. Verskoning sal slegs in uitsonderlike situasies aanvaar word, en moet aan die lenkvoog gerig word.

1.7 Om altyd netjies te lyk, o.a hare netjies gesny en gekam ens.

1.8 Om een week sportdiens te doen per jaar.

1.9 Om een week biljartsaal diens te doen per jaar.

1.10 Om een week per jaar koerantdiens te doen.

1.11 Om elke weeksaand (Maandag tot Vrydag) studietyd by tewoon vanaf 19:30 tot 21:00 en weer vanaf 21:30 tot 23:30, behalwe op Vrydae wanneer studietyd om 22:00 sal eindig.

1.12 Om nie te rook of alkohol te gebruik in die Koshuisgronde nie.

1.13 Om nie fiets- of motorfietsry op Sonop se gronde nie. Fietse en motorfietse word gestoot op Sonop se gronde.

1.14 Om nie sonder ’n hemp buite geboue te verskyn nie.

1.15 Om nie op grasperke in die Koshuisgronde te lê of te sit nie, maar op ‘n bankie te sit of te staan.

1.16 Om nie yskaste of mikrogolfoonde in hulle kamers te hê nie.

2. **Addisionele reëls ten opsigte van eerstejaars en eerstejaarsaktiwiteite**:

Addisioneel tot enige reëls hierbo vermeld met betrekking tot eerstejaars en sal die volgende met onmiddellike effek geld, en enige verbreking van hierdie reëls sal beskou word as growwe wangedrag, wat strafbaar is met die ergste straf wat voorgeskryf mag word in die Dissiplinêre Kode, en wat tot skorsing kan lei, selfs met ’n eerste oortreding :

2.1 Alle Sonopseniors, behalwe Huiskomiteelede, word verbied om enige woonplek van ’n eerstejaar, hetsy of hy in die Stalle, die Pastorie of waar ookal in die Koshuis woon te betree, vir welke rede hoegenaamd ookal. Oortreders van hierdie reël sal streng vervolg word.

2.2 Senior studente mag onder geen omstandighede hoegenaamd kos vra vir eerstejaars wat eerstejaars vanaf hulle huise bring, of dit bedel by eerstejaars, of eerstejaars dwing om vir hulle, hulle kos te gee nie.

2.3 Geen student mag eerstejaars stuur om vir hulle sigarette of kos te gaan koop nie, en oortreders van hierdie reël sal streng vervolg word.

2.4 Geen eerstejaar mag aan aktiwiteite deelneem soos hardloop deur die betrokke Streke, of om opstote of enige ander vorm van oefening te doen in die verskillende Streke nie, en sal enige Senior wat hierdie reël oortree sal streng vervolg word.

2.5 Eerstejaars mag nie aan enige boksgevegte of enige ander praktyk hoegenaamd deelneem wat nie vervat is in die raamwerk met betrekking tot die eerstejaarsinlywingspraktyke wat deur die Sonopraad goedgekeur is nie.

2.6 Geen eerstejaar mag op enige geleentheid, nie binne of buite die Koshuis genooi word om drank te nuttig saam met Seniorstudente nie, en mag ook nie gedwing word om deel te neem aan aktiwiteite waarby drank gedrink word nie.

2.7 Geen Senior mag enigste gunste vir ’n eerstejaar vra om vir hom te doen soos motors was, skottelgoed te was of enige ander persoonlike gunsies te doen nie.

2.8 Die enigste gevalle waar eerstejaars enige vorm van werk in die Tehuis mag doen (behalwe vir ’n weeklikse tuindiens) moet onder toesig van die Huiskomitee plaasvind wanneer daar ’n funksie of ’n sosiale geleentheid in die Tehuis is of byvoorbeeld tydens Jool of een of ander noodsaak. Geen eerstejaar mag by enige funksie wat gereël word in die Tehuis, hetsy dit HK gereëlde sosiale en kulturele funksies is of ander sosiale funksies is wat deur die Koshuis goedgekeur word op diens gehou word gedurende so ’n funksie nie en uit sy studies gehou word nie. ’n Eerstejaar mag slegs voor die funksie en na die funksie help met inrigting van ’n perseel of opruiming daarvan.

2.9 Eerstejaars mag een uur per week tuindiens verrig. Die tuindiens moet werklike *bona fide* tuindiens wees om die tuin van die Tehuis te verbeter of in stand te hou, en behels nie enige ander aktiwiteite of take nie. ’n Behoorlike program moet opgestel word deur die Huiskomitee-lid belas met tuine en geboue, en moet die program wat opgestel word behels dat ’n bepaalde eerstejaar nie pal in een Streek tuindiens verrig nie, maar dat hy kwartaalliks deur die Streke roteer, ten einde ook die Seniors te leer ken. Die uur per week wat die eerstejaar tuindiens moet verrig moet wees op ’n tydstip wat nie inmeng met die eerstejaar se studies nie.

2.10 Dit is uiters belangrik dat eerstejaars die maksimum tyd kry om te studeer en dat daar nie ingemeng mag word met hulle akademiese vordering nie. Die betrokke Huiskomitee-lid wat verantwoordelik is vir eerstejaars moet die eerstejaars absoluut beskerm, en seker maak dat die akademie van die eerstejaars voorrang kry bo enige ander Koshuisaktiwiteit, hetsy dit Jool, sosiale aktiwiteite of sportaktiwiteite is. Geen eerstejaar mag geforseer word om aan enige aktiwiteit hoegenaamd deel te neem ten opsigte van Jool, sosiaal of sport, indien hy besig is met ’n toetsreeks in ’n bepaalde week, of hy die volgende dag ’n toets of eksamen skryf nie. Eerstejaars moet te alle tye ondersteun word deur die Huiskomitee en Huislede om hulle akademie eerste te stel, en moet nie onder druk voel om enige sosiale of sportaktiwiteite by te woon voor of wanneer toetse en eksamens geskryf word nie, en moet hulle akademie eerste stel.

2.11 Aktiwiteite soos, die sogenaamde Lottiweek, en Kamp Koperballas word met onmiddellike effek afgeskaf. Die Huiskomitee kan in die plek daarvan ’n spanbou-aktiwiteit aan die Sonopraad voorlê vir goedkeuring wat op ’n bepaalde dag en op ’n bepaalde tyd mag geskied, sonder dat dit inmeng met die akademiese program van eerstejaars.

2.12 Eerstejaarstudente mag onder geen omstandighede deur Seniors verhinder word om tussen klasse in die Universiteitsbiblioteek te gaan studeer nie, en kan nie verplig word om tussen hulle klasse na die perseel van Sonop terug te keer nie.

2.13 Geen seniors, anders as HK-lede en inwoners wat die toestemming van die Koshuishoof verkry, word in koshuis tydens oriënteringsweek toegelaat nie.

2.14 Geen blikskud aktiwiteite mag aan eerstejaar opgelê word of van hulle verwag word nie, anders as blikskud aktiwiteite wat formeel deur die UP goedgekeur is of deur die Koshuishoof goedgekeur is en voldoen aan Owerheidsreëls en Regulasies nie.

2.15 Die gebruik van motors

2.15.1 As algemene reël word die aanhou en gebruik van ’n motor op Sonop se terrein deur eerstejaars nie toegelaat nie.

2.15.2 In uitsonderlike gevalle egter, byvoorbeeld vir die redes wat hieronder gemeld word, mag eerstejaars ’n motor op die koshuisgronde aanhou en daarmee buite Sonop rondry, nadat die betrokke eerstejaar ’n aansoek daarvoor indien by die Koshuishoof, en hy skriftelike toestemming daarvoor gegee word deur die Koshuishoof.

2.15.3 Redes vir die aanhou van ’n motor kan insluit :

2.15.3.1 Akademie – waar ’n eerstejaar op ander kampusse as die Hatfieldkampus klasse moet bywoon;

2.15.3.2 Sport – waar ’n eerstejaar op Nasionale/Provinsialevlak meeding en oefeninge en byeenkomste dit noodsaak dat hy oor eie vervoer moet beskik;

2.15.3.3 Siekte/Gestremdheid – waar ’n eerstejaar as gevolg van ’n siekte of gestremdheid gemotoriseerde vervoer benodig om oor die weg te kom;

2.15.3.4 Familiesake – waar ’n eerstejaar se huislike omstandighede (byvoorbeeld ernstige siekte van ’n ouer of familielid) dit noodsaak dat hy gereeld/onverwags huis toe moet gaan. (In hierdie geval kan die toestemming soms vir kort periodes toegestaan word.)

2.15.4 Vergunning om ’n motor aan te hou en te gebruik geld slegs vir die spesifieke doel waarvoor aansoek gedoen is, en mag dit vir geen ander rede as waarvoor die skriftelike toestemming gegee is gebruik word nie. Misbruik van ’n vergunning deur met ’n motor rond te ry anders as waarvoor die toestemming verleen is kan lei tot die terugtrek van die toestemming.

2.15.5 Parkering op die koshuisgronde sal alleenlik toegestaan word as daar beskikbare plek is – en verkieslik op die Blouterrein se parkeerarea.

2.15.6 Geen senior word toegelaat om ’n eerstejaar se motor te gebruik of te leen nie.

2.15.7 ’n Eerstejaar met ’n motor mag nie deur enige Huislid, (’n HK-lid ingesluit), rondgestuur word vir enige taak of opdrag of om ’n guns te doen nie.

2.15.8 Geen eerstejaar met ’n motor mag aan ’n Raid deelneem nie – nie deur die motor self te bestuur, of deur sy motor uit te leen nie.

2.16 Eerstejaars mag onder geen omstandighede aangese of forseer word om deur streke of deur die koshuis te hardloop of te draf nie, en mag hulle net normaal loop.

2.17 Geen mengsels, konkoksies of drankies van enige aard mag deur seniors aan eerstejaars by etebedienings of elders of op ander tye gegee word nie.

3. **<u>Oriënteringspraktyke</u>** :

3.1 Die HK lê aan die einde van ’n akademiese jaar ’n skriftelike oriënteringsprogram vir die eerstejaars van die volgende jaar aan die Koshuishoof voor, wat dit oorweeg en aan die Sonopraad voorlê vir goedkeuring.

3.2 Geen oriënteringspraktyke anders as die wat deur die Sonopraad soos verteenwoordig deur die Koshuishoof goedgekeur is nie, mag sonder toestemming van die Koshuishoof plaasvind nie.

3.3 Alle praktyke moet in ooreenstemming wees met UP se praktyke, behalwe waar kontraktueel anders met UP bepaal is.

4. **Plasing van Eerstejaars** :

4.1 Die verantwoordelikheid vir die plasing van eerstejaars :

Die plasing van eerstejaars en nuwelinge is die verantwoordelikheid van die Koshuishoof, as verteenwoordiger van die Sonopraad, en doen die Koshuishoof die plasings van nuwelinge en eerstejaars in oorleg met voorstelle wat van die Huiskomitee ontvang word.

Alle aansoeke word aan die Koshuishoof besorg, wat ontvang van die aansoek erken, dit aanteken in ’n register en dan aan die HK deurgee vir keuring.

Aansoeke word soos dit inkom hanteer. ’n Aansoeker behoort nie langer as ’n maand te wag voor hy hoor of hy geplaas is al dan nie.

4.2 Bemarking en werwing :

Bemarking om voornemende eerstejaarstudente in Sonop te kry is die verantwoordelikheid van die Koshuishoof in oorlegpleging met die Huiskomitee, en word bemarkingsaksies van stapel gestuur deur die Koshuishoof en die Huiskomitee. Behoorlike bemarking moet gedoen word onder veral plattelandse skole, onder voornemende teologiese studente, die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Pretoria, en moet bemarking geskied onder alle oud-Sonoppers wat op die databasis van Sonop verskyn, nadat hulle behoorlik ingelig is oor wat die stand van sake in die Tehuis is en die huis behoorlik bemark is onder die oud-Sonoppers. Dit is die taak van die Koshuishoof en die Huiskomitee om toe te sien dat met die gelde wat aan die Huiskomitee toegeken word die webwerf behoorlik op die internet in stand gehou word.

4.3 Beoordeling van aansoekers tot Sonop :

4.3.1 ’n Behoorlike vorm moet ontwerp word waarin Applikante vir Sonop hulle prestasies op skool en indien hulle reeds die skool verlaat het, om hulle na-skoolse aktiwiteite behoorlik invul en uiteensit.

4.3.2 Hierdie vorms en die inligting wat op die vorm verskyn word dan beoordeel en bespreek deur die Huiskomitee in samewerking met die Koshuishoof.

4.3.3 Na ontvangs van die aansoek vra die Koshuishoof ’n getuigskrif aan van sowel die skoolhoof as predikant/pastoor wat tydens die keuring ook beskikbaar moet wees.

4.3.4 ’n Beoordeling van kandidate word gedoen volgens ’n puntestelsel, en word die kandidate wat die hoogste punte verwerf in kennis gestel dat hulle plek in Sonop verkry het, en word onsuksesvolle kandidate in kennis gestel en dat hulle op ’n waglys geplaas word.

4.3.5 Die kriteria wat gebruik word en die gewig van punte wat toegeken word is soos volg :

4.3.5.1 Vier of meer onderskeidings (twee punte);
4.3.5.2 Een tot drie onderskeidings (een punt);
4.3.5.3 Hoofseun van skool (een punt);
4.3.5.4 Teologiese student (een punt);
4.3.5.5 Student van kleur (een punt);
4.3.5.6 Ouer/broer in Sonop (een punt);
4.3.5.7 Provinsiale sportkleure (een punt);
4.3.5.8 Kapteinskap van skoolsportspan (half punt);
4.3.5.9 Eerstespan skoolsport (half punt);
4.3.5.10 Skoolprefek (half punt);
4.3.5.11 Erekleure vir kultuur (half punt).

4.4 <u>Onderhoude</u> :

4.4.1 Onderhoud mag by uitsondering met nuwelinge en eerstejaars gevoer word deur die Koshuishoof en die Huiskomiteelede om hulleself te vergewis in geval van onduidelikheid oor ’n Applikant se omstandighede.

4.4.2 Die onderhoude is van ’n formele aard en mag slegs bygewoon word deur die Koshuishoof en Huiskomiteelede.

4.4.3 Die vrae wat tydens die onderhoude gevra mag word moet ten doel hê om inligting in te win, en nie die Applikante te

verkleineer of hulle aan ŉ sogenaamde vuurdoop te onderwerp nie.

4.5 Waglyste :

Kandidate wat nie by die eerste keuring geplaas word nie moet op ŉ waglys geplaas word en moet kontak met hulle gehou word om hulle belangstelling in die Tehuis te laat behou so as daar vakatures is dat hulle dit kan vul.

B. REëLS TEN OPSIGTE VAN TWEEDEJAARS :

1. Alle reëls met betrekking tot oriënterings- en inlywingspraktyke geld ook vir Tweedejaars en is net so verbode ten opsigte van Tweedejaars. Dit sluit in reëls soos gunsies, forsering en uitlokking om alkohol te misbruik, ens.
2. Sien ook byvoeging tot Bylae B

(WEERGAWE 1/4/2014)